DIENSLEWERINGSHANDVES VAN DEPARTEMENT VAN MAATSKAPLIKE ONTWIKKELING

DEUR HIERDIE DIENSLEWERINGSHANDVES IS DIE DEPARTEMENT DAARTOE VERBIND OM DIENSTE AAN U TE VOORSIEN. KOM ONS MAAK SAAM DIENSLEWERING BETER.

U REGTE

ONS VERANTWOORDELIKHEID TEENOOR U:

- Om beleefd te wees en respek te toon
- Om u oor u diensbehoeftes te raadpleeg
- Om stiptelike en doeltreffende dienste te lewer
- Om dienste wat te kort geskiet het, reg te stel
- Om op deursigtige wyse op u versoeke om inligting te reageer
- Om daarna te streef om waarde vir geld te lewer
- Om telefoonoproepe binne 5 luie te beantwoord

U VERPLIGTINGE

U VERANTWOORDELIKHEDE TEENOOR ONS:

- Om beleefd te wees en respek te toon
- Om eerlik in u samesprekings met ons te wees
- Om ons op versoek van akkurate inligting en ondersteunende dokumentasie te voorsien
- Om beskikbaar en bereid te wees om aan dwarsleggende programme deel te neem
- Om planne, inisiatiewe en advies wat van die Departement ontvang word aktief toe te pas en te implementeer

ONS VISIE

“ ‘n Selfonderhoudende samelewing ”

ONS DOEL

Om die voorsiening van ‘n omvattende netwerk van maatskaplikeontwikkelingsdienste wat armes, kwesbares en diegene met spesiale behoeftes in staat stel en bemagtig, te verseker

ONS IS DAAROP GESTELD OM TOEGANKLIK TE WEES

Daarom is ons geboue toeganklik vir mense wat met gestremdhede leef

HOOFKANTOOR

Adres: Koningin Victoriastraat 14
Unie Huis-gebou
Kaapstad
8001
Tel: +27 21 483 5045
Faks: +27 21 483 3912
E-pos: HOD.DSD@westerncape.gov.za

KANTOORURE:
Maan – Vry 07:30 – 16:00

Toegang tot die kontakbesonderhede van hierdie Departement se bestuur sowel as die Departement se diensstandaarde kan verkry word by:

http://www.westerncape.gov.za/dept/social-development

MAATSKAPLIKEWELSYNSDIENSTE

Sorg en Dienste aan Ouer Persone

Om ouer persone te versorg, te ondersteun en te beskerm, met ‘n sterk fokus op die armes en kwesbares binne gemeenskappe

Dienste aan Mense wat Leef met Gestremdhede

Voorsiening van geïntegreerde dienste aan mense wat leef met gestremdhede en hul families/ versorgers

Maatskaplike Verligting

Fasiliteer toegang tot dienste wat onmiddelike en tydelike maatskaplike verligting van nood bied aan diegene wat deur uitermatige lyding en rampspoed geraak word

KINDERS EN FAMILIES

Sorg- en Ondersteuningsdienste aan Families

Geteikende intervensies wat op die bou van veerkragtige families fokus

Kindersorg- en Beskermingsdienste

Bevorder die welstand van kinders en bou die veerkragtigheid van gesinne en gemeenskappe om vir hulle kinders te sorg en hulle te beskerm

Vroeë Kinderontwikkeling en Gedeeltelike Sorg

Voorsien omvattende vroeëkinder-ontwikkelingsdienste

Kinder- en Jeugsorgsentrums

Verskaf alternatiewe sorg en ondersteuning aan kwesbare kinders

Gemeenskapsgebaseerde Sorgdienste vir Kinders

Voorsien beskerming, sorg en steun aan kwesbare kinders in gemeenskappe

HERSTELLENDE DIENSTE

Misdaadvoorkoming en Steun

Verminder die bydraende faktore van maatskaplike misdaad en heroortreding deur die lewering van ‘n doeltreffende proefdiens vir alle kwesbare kinders, jeug en volwassenes

Slagofferbemagtiging

Ontwerp en implementeer geïntegreerde programme en dienste om slagoffers van geweld, en in die besonder vroue en kinders, te ondersteun, te versorg en te bemagtig

Middelmisbruik, Voorkoming en Rehabilitasie

Voorsien geïntegreerde dienste vir middelmisbruik: voorkoming, behandeling en rehabilitasie

ONTWIKKELING EN NAVORSING

Institusionele Kapasiteitsbou en Steun

Kapasiteitsontwikkelings- en steundienste aan geïdentifiseerde befondsde organisasies sonder winsoogmerk en inheemse burgerlike gemeenskaps-organisasies

Armoedeverligting en Volhoubare Voortbestaan

Voorsien toegang tot toepaslike voedings- en maatskaplikesteundienste vir kinders, jeugdiges, hul primêre versorgers en/ of huishoudings wat aan die risiko van hongerte blootgestel is

Jeugontwikkeling

Fasiliteer dienste wat positiewe lewenstyle en verantwoordelike burgerskap bevorder

Bevolkingsbeleidsbevordering

Ontwerp en implementeer bevolkings-navorsings-, bevolkingskapasiteitsbou- en bevolkingsvoorspraakprogramme ten einde bevolkingsveranderlikes by ontwikkelings beplanning te intergreer

TERUGVOER IS VIR ONS BELANGRIK LAAT WEET ONS:

- Indien u ‘n navraag en/ of klagte het, sê dit asseblief vir ons. Ons sal binne 48 uur op alle skriftelike navrae/ klagtes reageer
- Indien ons nie binne 48 uur op u skriftelike navrae kan reageer nie, sal ons die naam voorsien van die persoon na wie die navraag verwys sal word en aan u ‘n aanduiding gee van wanneer ‘n antwoord verwag kan word
- Ons sal u van ‘n verwysingsnommer voorsien indien u ons tolvrye nommer skakel om enige aangeleentheid op te volg wat met ons opgeneem is

HOE U ‘N KLAG KAN RIG:

- Skakel ons tolvrye nommer, 0800 220 250
- Of stuur ‘n e-pos aan SD.CustomerCare@westerncape.gov.za of service@westerncape.gov.za
- Of besoek u naaste plaaslike kantoor en praat met ‘n Kliëntesorgbeampte
- Of u kan u opmerkings/ insette in die voorstellekassies plaas wat in ons kantore beskikbaar is
- Of u kan ‘n meningsopnamevorm van die Kliëntesorgbeamptes verkry om ons dienste te beoordeel

Tolvrye Nommer 0800 220 250

Wes-Kaapse Regering
Maatskaplike Ontwikkeling

BETER TESAME.

VERKLARING DEUR UITVOERENDE OWERHEID:

Ek, Albert Fritz, verbind die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling ingevolge Deel III.C2 van die Staatsdiensregulasies, 2001, soos gewysig, om by hierdie handves te hou.

A FRITZ
MINISTER VAN MAATSKAPLIKE ONTWIKKELING

25 Maart 2015
DATUM